



## Voorwoord

# Ter wille van 'n positiewe en gedissiplineerde leeromgewing in skole ...

Die handhawing van dissipline en orde vorm altyd 'n faset of deel van enige opvoedende onderwyssituasie. Onderwysers behoort dus deurlopend die geleentheid gebied te word om hulself toe te rus om 'n positiewe onderrigleeromgewing, waaronder 'n positiewe gedissiplineerde omgewing, in hulle klaskamers te kan vestig met inagneming van voortdurende veranderende omstandighede. Hierdie omstandighede verwys onder andere na veranderings in die sosiale gemeenskap, die juridiese omgewing en die onderrigleeromgewing. Onderwysers het dus die uitdaging om 'n positiewe gedissiplineerde onderrigomgewing ter wille van leerders se effektiewe leer te skep. Om hierdie positiewe gedissiplineerde omgewing te skep, kan onderwysers op proaktiewe of reaktiewe wyse optree of reageer. Die uitdaging is om hierdie verskillende wyses van dissiplinehandhawing op 'n gebalanseerde wyse aan te wend. Tans word hierdie uitdaging deur menige onderwyser in Suid-Afrika as een van hul grootste kwellings beskou. Ten einde effektiewe onderwysvoorsiening in Suid-Afrika te ondersteun, is dit dus dringend noodsaaklik om hierdie uitdaging, naamlik die vestiging van 'n positiewe gedissiplineerde onderrigomgewing ter wille van effektiewe leer, deeglik onder die loep te neem en aan onderwysers die nodige hulp te verleen. Hierdie hulp kan uiteraard intern (deur hulself voorsien) en ekstern (deur die onderwysdepartemente en skoolbestuurders voorsien) van aard wees. Vir die Christengelowige onderwyser is dit verder van die grootste belang dat die proaktiewe en reaktiewe wyse van dissiplineskepping ook volledig in ooreenstemming met hul Christelike, Skrifgefundeerde lewensbeskouing is, anders kan hulle nie so handel nie.

Weens die besondere onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika het dissipline- en ordehandhawing in die skole van die verskillende bevolkingsgroepe sedert veral 1976 wesenlik verskillend ontplooi. In die skole vir swart, bruin en Indiërkinders is geleenthede tot vormen-

de onderwys telkens opgeoffer ter wille van die bevordering van die politieke stryd teen apartheid. Opstand en burgerlike ongehoorsaamheid, ook teen die destydse onderwysowerhede, is aangegryp as instrumente of “wapens” om die heersende politieke bedeling mee omver te werp. Daardeur het daar ’n kultuur van wetsongehoorsaamheid, dus teenoor dissipline en orde, by ’n beduidende deel van hierdie leerders en onderwysers ontstaan.

Die aanbreek van ’n demokratiese bedeling in Suid-Afrika in 1994, en die aanvaarding van ’n handves van fundamentele menseregte as deel van die nuwe grondwet (1996), het die hoop laat opvlam dat alles voortaan rustiger sou verloop in skole. Die teendeel het egter geblyk die geval te wees. Die problematiese dissiplinêre omgewing het ook uitgekring na die voormalige blanke skole, waarvan vele later ontwikkel het in multikulturele skole en wat vandag bekend staan as die “voormalige model C-skole”. Hierdie skole het ’n ander proses van transformasie ondergaan, een wat meegebring is deur nuwe wetgewing en die “druk” van die nuwe demokratiese Suid-Afrika. Transformasie was dus een van die faktore wat ’n duidelike verswakking in die handhawing van orde en dissipline in baie van die voormalige model C-skole meegebring het.

Nou, in 2003, bykans ’n dekade ver in die nuwe demokratiese bedeling, het die probleme insake die handhawing van gesag, orde en dissipline nog nie die wyk geneem nie. In koerante en ander tydskrifte wemel dit vandag nog van opskrifte soos die volgende: “Chaos op skool – dissipline word ’n turksvy”; “Onderwysers bekla hulle lot”; “Dissipline: gee skole net genoeg mag”; “Verbeter dissipline, pleit onderwyslui – dronk en afwesige onderwysers pla in die Oos-Kaap”; “Kinders glo nog steeds op skool getug”; “Swak dissipline kelder onderwys”; “Die minister van onderwys ... is die joshie in oor die ‘ligte’ straf wat ... onderwysers opgelê is nadat hulle ’n leerling aangerand het”. Die lys is prakties oneindig!

Dit is dus duidelik dat die politieke en maatskaplike oorgang binne die Suid-Afrikaanse samelewing afgetregter het tot in die onderwys. Die onrus, onsekerhede, frustrasie en spanning wat kenmerkend is van, en gepaard gaan met verandering, het noodwendig na die onderwys oorgespoel. Die onderwys staan nie net voor groot onderwysspesifieke uitdagings nie, soos byvoorbeeld die infasering van uitkomsgebaseerde onderwys, maar moet ook knelpunte in die samelewing verwerk, soos die implikasies van die Handves van Menseregte, maatskaplike ontevredenheid, ouerhuisonsekerhede, finansiële kwelpunte en die onseker toekomsvooruitsigte van werkloses. Al hierdie beklemmings het toenemend ’n neerslag begin

vind in leerdergedrag in skole. 'n Gevolg van hierdie problematiese omgewing was dat dit lyk asof leerders se respek vir ouers en opvoeders begin vervaag het en asof dwelm- en drankmisbruik onder die jeug die hoogte in geskiet het. Hoewel hierdie verskynsels nie in hierdie bundel betrek word nie, wil dit voorkom asof dit ook die professionele gedrag van opvoeders negatief geraak het.

Binne die raamwerk van die voorafgaande het versoeke vanuit die geleedere van onderwyspraktisyns aanleiding gegee tot 'n navorsingsondersoek na die stand van leerderdissipline in Suid-Afrikaanse skole. In April 2002 het die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, in samewerking met die SAOU, 'n interdisciplinêre navorsingsprojek oor leerderdissipline van stapel gestuur. Relevante data is met gebruikmaking van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingstradisies in Suid-Afrika, Engeland, Australië en die VSA byeengebring.

'n Bundel soos hierdie het die ideale geleentheid geskep om oor die eerste uitkomst van die navorsing te rapporteer. In die navorsing was dit noodsaaklik om op diepgaande wyse te besin oor die verskillende fasette van die probleme wat hierbo genoem is. Die bundel begin met 'n besinning oor die Christelik-Skrifgefundeerde beginsels wat die problematiek van dissipline in skole ten grondslag lê. Die eerste artikel van Van der Walt verduidelik die prinsipiële basis waarop positiewe dissiplinehandhawing ter wille van effektiewe onderrigleer berus, en verskaf die agtergrond waarteen al die ander artikels gesien moet word, hoewel al die ander artikelskrywers ook op hulle eie, meer afgebakende manier poog om aan die tersaaklike beginselgrondslae van hulle besondere temas (problematieke) aandag te gee. In die tweede artikel bring die skrywers (De Klerk & Rens) die rol van waardes in die handhawing van dissipline in die skool ter sprake. Die derde artikel deur Oosthuizen, Roux en Van der Walt bied 'n verhelderende blik op enkele historiese grondslae van die dissiplineproblematiek in skole.

Die aard en omvang van die dissiplineproblematiek word in ses artikels onder die loep geneem. Nadat die standunte van skoolhoofde deur middel van 'n vraelys bepaal is (Mentz, Steyn & Wolhuter), volg Rossouw se artikel oor kwalitatiewe navorsing wat lig werp op die aard van dissipline in openbare skole. Die bydrae van Wolhuter en Oosthuizen verskaf 'n ontleding van leerders se perspektief op dissipline in die skool. Die volgende artikel (Oosthuizen, Wolhuter & Du Toit) bevat 'n besinning oor die vraag of voorkomende of straffende maatreëls voorkeur in die vestiging van

'n positiewe onderrigleeromgewing behoort te geniet. Die twee artikels uit die pen van Roos vestig die aandag op die regs-implikasies ter sprake by die aanvaarding van skoolreëls en dissiplinêre optrede, asook op die plek en rol van 'n gedragskode in individuele skole.

Die bundel word afgerond met twee bydraes vanuit 'n internasionale perspektief. Enersyds verskaf die artikel deur Wolhuter en Steyn 'n perspektief ten opsigte van die dissiplineproblematiek in skole in die buiteland. Verder verduidelik die artikel van Russo, Mawdsley en Oosthuizen, as 'n gevallestudie, die ernstige probleem van dwelmmisbruik in Amerikaanse skole en handel ook oor wyses waarop sodanige misbruik beperk kan word. Hierdie twee bydraes bring dit andermaal onder die aandag dat probleme rondom dissipline- en ordehandhawing universeel van aard is, en onder meer aan die sondige en gebroke aard van die mens toegeskryf kan word.

Hoewel die outeurs van die verskillende bydraes tot hierdie bundel die eerstes sal wees om te erken dat hulle nie met hulle bydraes 'n finale sleutel tot die oplossing van die probleem van ontoereikende dissipline- en ordehandhawing in die skole kon (kan) gee nie, verskaf die versameling artikels in die bundel 'n goeie oorsig van die omvang van die probleem, asook van die beginnelgrondslag van waaruit oplossings tot die probleem bedink kan of behoort te word.

Ek neem graag die geleentheid te baat om die redaksie van *Koers* te bedank vir die besluit om hierdie uitgawe aan die probleem van dissipline en orde in Suid-Afrikaanse skole af te staan. Daarmee het die redaksie 'n geleentheid geskep om ook 'n prinsipiële stem oor die probleem te laat hoor, sodat die hele debat nie slegs oor die praktiese en empiriese fasette van die probleem hoef te gaan nie. Mevv. Mariana Venter en Susan Lourens van die redaksie het baie ure aan die voorbereiding en afronding van die bundel bestee. Sonder hulle deurlopende tegniese insette en vaardighede sou hierdie bundel moeilik die lig gesien het. Ek bedank hulle graag vir hulle toewyding en ondersteuning.

**Hennie Steyn**  
**(Gasredakteur)**

**Izak Oosthuizen**  
**Hannes van der Walt**  
**(Adviseurs)**